


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

April, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 05




# Orania bied die alternatief

Dia van Staden - Redakteur

Die Orania Beweging se jaarlikse ledenaweek is van 22 tot 24 Maart suksesvol aangebied. Verskeie ingeligte sprekers het die gehore met 'n verskeidenheid temas toegespreek. Alhoewel die raadsvergadering en die ledevergadering ook gedurende die naweek se program ingepas word, is dit die kosbare samesyn en gesprekke van lede wat 'n belangrike rol tussen al die inligting en besluitneming speel.

Die sprekers vir die Vrydagaand met Hendrik le Roux wat 'n alternatiewe finansiële sektor voorgehou het, is opgevolg deur Bastiat en Dane Viljoen, twee broers wat oor die mag van 'n alternatiewe monetêre stelsel en goud inligting gedeel het. Hulle het na geld as 'n belangrike middel tot vryheid verwys, maar dat ekonomiese waarde deur die instansie beheer word wat die geldeenheid beheer. Hulle het 'n goudbasis vir Orania aangemoedig. Die twee broers se aanbieding het baie vrae en wye belangstelling uitgelok.

Saterdagoggend kon lede vir die vergadering registreer, maar voor dit is daar heerlik om die kostafels gekuier en prof Dieter Holm het sy opinie gedeel met die tema: Alternatiewe op onvriendelike stede. Hoe word 'n ware tuiskoms ontwerp?

Na afloop van 'n suksesvolle ledevergadering kon 'n opsionele dorpstoer onderneem word. Die Saterdagaand het Joost Strydom, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, die slot tema van die naweek met sy toespraak gelewer: Orania: hoe gaan dit met die alternatief? 'n 2024-idee oudit.

Die meer as 80 persone wat die ledenaweek bygewoon het is dit eens dat daar nooit opgehou moet word met die uitbou van alternatiewe nie. Die naweek is Sondag met 'n gesamentlike erediens afgesluit.

Gaan luister gerus hier na die sprekers:

Skakel na Hendrik le Roux en Bastiat en Dane Viljoen se toesprake: https://youtube.com/live/KJ0L4QTEbEI?feature=share

Skakel na Dieter Holm se toespraak: https://youtube.com/live/q-QEdHuX-Jg?feature=share


*Joost Strydom, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging.*


*Dieter Holm*


*Dane en Bastiat Viljoen*


*Orania Beweging se lede kon weer hande vat om Orania as die alternatief te bevestig.*

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Pekanneutkonferensie 23 – 25 April**
*Bladsy 3*

**Cherise Barnard klik die lewe raak**
*Bladsy 7*

**Raar maar Waar 25 Mei**
*Bladsy 8*

**Emile teken unieke prentjies**
*Bladsy 9*

**Verskeidenheid sportgebeure**
*Bladsye 10-12*

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.



Foto: Dia van Staden

## Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS
## met die redakteur



Om op Tiktok te kuier en rond te blaai veroorsaak gereeld 'n oorlading van goed en lelik en sleg en gemeen. Hoe kry iemand dit reg om so gemeen te wees? Hoe kan dit so maklik wees om 'n ander lewende wese met jou tong so te vertrep, te verneder en te vermorsel?

En dan rol jy 'n pragtige opbouende boodskap raak wat die wind behoorlik uit jou seile neem. Een wat jou herinner om elke dag voluit te lewe. Een waarin iemand vertel van hul eie trauma, maar uiteindelike vreugde, sukses en voorspoed. Ek kan nie anders as om trane te stort oor die geluk van 'n ander persoon nie.

Die lekkerste soort storie om na te luister is een waar daar 'n breë glimlag op die verteller se gesig is. Dit hoef nie 'n aardskuddende verhaal te wees nie, maar net daardie totale oorgawe en lekkerkry op iemand se gesig spreek reeds boekdele. Wanneer laas het jy vir iemand 'n verhaal vol vreugde vertel?

Winter gee jou en jou gesin mos 'n geleentheid om vele familiebeddens te maak! Skuif die meubels weg. Gooi die matrasse op die vloer. Trek daardie snoesige kombers wat ouma nog gebrei het nader en vind 'n hoekie op daardie matras waar jy jou lyf kan laat lê. Nabyheid, omgeestories en familie kan hier gedeel word. Niemand is werklik immuun teen 'n drukkie of 'n herinnering wat die lewe soeter laat smaak of ligter laat weeg nie.

As jy nie 'n gesin of familie het nie moet jy met jou vriende planne beraam vir so 'n matrasuitspan.

Skink koffie of sop, maar deel die stories en die drukkies met 'n glimlag!

Dia van Staden

## As ek swak is

Deur 'n **Sterk Geaffekteerde**

'n Mens kon altyd 'n plan maak as iets te swaar is om op te tel. Jy neem 'n hefboom en rol die swaar klip. Deesdae moet ek dit skelm doen as my vrou my nie sien nie. Totdat ek 'n stok onder die klip indruk. Hiep hiep hopla. Einaaa. As dit nie so seer was in my rug nie, het ek gelag vir myself. So, vaarwel slim planne maak met swaar goed. Ek was verbaas om te hoor my swaer – so 'n jaar of wat ouer as ek – klim nie meer op 'n leer nie. So, ek sal maar luister as Vroulief niks daarvan wil hoor dat ek buurman se lang leer leen en 'n vlermuishuis hoog teen die muur opsit nie. Sy wil niks weet van sorg vir 'n verminkte wat daar afval nie. Soveel so vir "better or worse". Skynbaar tel dit nie as jy self die "worse" veroorsaak nie. Dis sommer swakheid en ydelheid – so sê my vrou en jy stry nie met haar nie.

Die tyd vir swaar aanpassing het gedaag. Of ek dit wil weet of nie. En daar is ander swaar hindernisse wat uit die weg moet kom.

Kyk, daar is mense in die wêreld wat my maklik met dertig jaar plus klop voor hulle afklop. Maar hulle kom nie tot daar op vet skaapvleis, lang worse en soetpampoen nie. Hulle bereik honderd jaar en meer op tuinmaak, min vleis, baie groente, gesonde stokperdjies of werk, baie rus en goeie vriende. Sjoe, navolgenswaardig, maar 'n swaar aanpassing, wat 'n groot hefboom en abie oortreding sal verg.

'n Aanpassing waaroor ek ligweg mor, is die onverbiddelike aandrang op beter eet. Ek is so lief vir spesifieke trooskos. 'n Broodjie met konfyt is onoortreflik. En verkieslik bietjie brood by my konfyt. So 'n broodjie met 'n donker kors. En dik botter met tuisgemaakte appelkooskonfyt. Dit neem my terug na my sorgvrye kinderdae. By die broodjie 'n blikbeker swart moerkoffie met 'n lepel bruinsuiker. Lekker verby. Knus verorber by die ou witgeskropte kombuistafel voor die koolstoof. My was maar te bly ek eet my brood en konfyt. Want ek was glo 'n skraps eter as kind.

Maar iewers het my lyf besluit die effense peusel hier en peusel daar is sommer twak. Op so twaalf was daar geen teken van skraps eet in my gestel meer aanwesig nie. Met die gevolg dat ek nog altyd 'n taamlik ronde voorkoms gehandhaaf het. By tye het die voorkoms verander onder invloed van keto en weeg-minder en so aan ensovoorts. Natuurlik was my beloning by die weeg-minder eetmanier 'n groot toffie- en karamel sjokoladestafie. Om te vier dat ek 100g afgekom het, eet ek 'n 125g stafie. Ai, die swakheid van die vlees tog. Na die tydelike verlies aan rondheid het die rondheid gewoonlik met wrewel teruggekeer omdat sy bestaansreg so skandelik misken is en vir so lank. Vergeefs het hy geroep en my die heerlikheid van braaivleis en braai-aartappels as hoofgereg met sjokolade-mousse as nagereg gewys. Luid die onnodige hongerpyne veroordeel. Maar vir sy moeite is hy telkens ru die mond gestop met slaai en tamatie en slaai en tamatie en slaai en wortel en 'n minuskule stukkie vleis en soms tuna met een teelepel maer mayonnaise.

Nou staan stuur my vriend – 'n vriendskap wat ek na dese nie meer van seker is nie – vir my sy gesondheidsboek. Ek is trots dat hy al 'n paar boeke geskryf het. Maar regtig. Rondheid word ronduit veroordeel. My ma se trots op haar kind wat so gesond eet, was toe al die tyd 'n konsep wat vasgeggom is in my binnekant en wat ek as volwassene nog steeds onbewustelik saamdra. Sy was op die verkeerde dinge trots. Dit het daartoe gelei dat ek my gesondheid weggeëet het. En die raad is voor die handliggend; kry klaar met die dinge van 'n kind. Raad wat ek dalk maar moet aanstuur na my boekgeleerde kinders toe. En wat dalk ook ewe onwillig en met 'n geskop en gespartel soos ek, ontvang sal word. Hulle is immers my kinders.

Maar vandag sit ek met lyflike probleme. Dis of die nagemaakte "brownie" wat ek by die kerk se stalletjie uit lojaliteit en belustigheid gekoop het, dik word in my maag. Nie net omdat dit dalk nie regtig 'n brownie is na my ervaring nie, maar omdat die botter en suiker en kakao my bloedsuiker en gesondheid so negatief affekteer. Die oomblik se soet op die lippe, word eskatologies bitter in die maag. Mag 'n kerk sulke goed met 'n rein gewete verkoop? Hierdie swakheid sal oorkom moet word, gepraat daaroor ten spyt.

Die vroeër vermelde skrywersvriend stel in sy boek voor ek begin met 'n 36 uur water-alleen vas. En om later allerhande vreemdklinkende aanvullings te begin neem. Gelukkig sien ek neem ek reeds uit suiwer instink van die goed wat help. Anders was ek dalk nie meer hier om oor hierdie swaar bekering te skryf nie. Eintlik nie bekering nie, heiligmaking.

Want ek koop in dat liggaam, siel en gees een is. Dat wat die een deel van my menswees raak, ook die ander dele intens affekteer. Ek is nie net die siel en die spirituele nie. Die liggaam het 'n rol om te speel in algehele gesondheid. Dis seker waarom 'n ander gemeenskaplike vriend al 'n dekade of wat gelede reeds oorlede is.

Wil ek ook nou reeds heengaan? Ek woon en werk nog so lekker. Maar redes soek om nie te luister nie, om vriend se geskenkboek as asketiese stories af te maak; om soos 'n kleuter alles mond toe te wil bring; vir elke bakatel 'n soet of sout beloninkie te soek. Dit kry nou end. Sê ek met bewing, want hierdie is 'n sterk ding. Met die ou vyand wat lag op die broodblik en die yskasdeur.

Ek dink ek kan vra: bid vir my.

**Ds Danie Krüger**

# Orania hou modeparade en Dieresorg deel in die opbrengs

**Lientjie Bredenkamp** - Medewerker



As Oraniërs hande vat vir 'n saak wat hulle naby aan die hart lê, keer niks hulle nie en volg daar ALTYD 'n heerlike kuiergeleentheid!

Dit was ook nie anders met die Orania gemeenskapsmodeparade waar oud en jonk, mans en dames hulle staal (of miskien hulle passies op die verhoog) kom wys het nie.

En ons gemeenskapsaal was gepak met mense wie se harte en hande oop was vir ons diere, en kon 'n mens die entoesiasme voel.

Die musiek was meesterlik aangepas by dit wat op die verhoog aangegaan het, die tafels was feestelik getooi, en almal het omtrent gesmul aan heerlike eetgoed wat elke gasvrou voorsien het.

Dia van Staden, die brein agter die briljante plan om die dorp se eie talent en klerewinkels ten toon te stel, was soos gewoonlik op haar pos met hope spitsvondigheid en aanmoediging.

Die feit dat elkeen van die modelle hulle tyd hiervoor gratis aangebied het, ten bate van Orania Dieresorg, en weke lank ge-oefen het om elke treë perfek te gee, is merkwaardig. Pappas wat die kleintjies by die huis opgepas het, aandetes voorberei het, en dan na badtyd vir mamma kom oplaai het, was maar een deel daarvan. So ook die manne wat reguit van die werk af sy deel kom bydra het vir die sukses van die aand. Die modelle was die sterre van die aand!

Natuurlik kan 'n mens nie vir 'n oomblik ons meelewende gehoor uit die prentjie laat nie!

Julle onbaatsigtigheid om die aand by te woon met heerlike entoesiasme, die tafels se smaakvolle dekor, lieflike eet en drinkgoed, is vanselfsprekend iets waarvoor almal so dankbaar is.

Maar, die oop hande om skenkings te maak gedurende die aand, is van ongelooflike waarde. Dat selfs die Kleretrommel se klere daar en dan reg van die modelle se lywe af gekoop is, wys elkeen se heerlike deelname en oop hande vir ons Dieresorg.

Die gehoor het die modelle wat Bo-Karoo Eiendomme, Orion Hardeware, Die Wafelhuis, die Weltevreden dansakademie, Volkskool en ons eie gemeenskapsbiblioteek verteenwoordig het baie geniet.

Die aand sou glad nie kon realiseer sonder die ruimhartigheid van ons klerewinkels wat ons modelle geklee het nie. Kleinreus se niggie en neef, Cia-Mari Boetiek, OraniaUitrusters en selfs Die Kleretrommel se klere het op die loopplank geskitter. Eden & Co het van hulle pragtige juwele beskikbaar gestel sodat die modelle in die formele rondte daarmee kon spog.

'n Ruim skenking kon aan Orania Dieresorg gemaak word, wat hulle met groot dankbaarheid sal aanwend waar dit nodig is.







Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# 'n Pekankonferensie vir 'n breë gehoor

Dit is vir die borge en gashere van die Suid-Afrikaanse Pekanneutkonferensie 'n voorreg om vanjaar soveel kundigheid op een verhoog in Orania te bied. Vanjaar se Pekanneutkonferensie se program bestaan uit 16 kundiges in die bedryf wat binne 3 dae konferensiegangers verder gaan bemagtig.

Daar sal aktuele kwessies bespreek word en genoeg tyd sal gegun word vir besprekings, vrae en antwoorde. "Dit bly 'n prioriteit om geleenthede soos dié aan te wend om van mekaar te leer en op hoogte van die nuutste tegnologie te bly," vertel Johan Coetzee, een van die organiseerders.

Dr Ronel Hendriks, Ernie Steinberg, Chris de Wet, prof Leon van Rensburg, Heiko Meier en dr Elmi Lötze vorm deel van die sprekers en die gesprekspanele.

Gaste word uitgenooi om deel te neem aan informele gesprekke, paneelbesprekings en ander geleenthede waar elkeen 'n bydrae kan lewer, maar inligting van ander ingewin kan word om later aan te wend sonder om onnodige struikelblokke te moet oorbrug.

Daar gaan heerlike kosstalletjies wees wat deur plaaslike besighede beman sal word. Pap en kaiings, tjips, hoenderrepies, wafels en roomys, pannekoek, olieringe, beskuit, toffies en neute is maar 'n paar van die items wat vir 'n honger maag te koop sal wees. Besoek Orania se unieke winkels en koop gerus van die inheemse produkte! Orania is 'n Afrikanergemeenskap waar ons Afrikaans praat en ons Afrinerkultuur as Christene uitleef.

Oraniërs word genooi om Donderdag 24 April tussen 08:00 en 14:00 die plaas Dendron te besoek om die pekanuitstallings en kosstalletjies te geniet. Toegang tot die plaas is gratis op dié dag.

Besoekers en konferensiegangers word genooi om hierdie hutsmerke te gebruik wanneer 'n sosiale media inskrywing gemaak word:

#onssalself
#myorania
#Oraniapekanneutkonferensie2024

Stuur gerus 'n epos na a-z@pekan.co.za vir meer besonderhede of skakel 087 092 6618 met jou navrae.

## Sprekers tydens die konferensie


Dr Ben de Klerk


Hendri Oosthuizen


Johan Coetzee


Heiko Meier


Ernie Steinberg


Dr. Elmi Lötze


Dr. Ronel Hendriks


Prof Leon v Rensburg


Roelof Smit


André Pretorius


Gerhard Oosthuizen


Christo Viljoen


Chris de Wet


Francois Slabber


Charus du Plessis

# Kleinsake kan nou groter sake aanvoer

Dia van Staden - Redakteur

Foto Dia van Staden


**Die eerste KSOK-direksie wat 'n tenderaansoek aan die Orania Sakekamer geslaag het is Tony Coreia en Anita Schütte voor en Jan Beyers en Gerhard Schütte agter.**

Die nuut gestigte Orania Kleinsake Ontwikkelingskoöperasie (KSOK) het Woensdagaand hul doelwitstellings aan 'n groep kleinsakepersone en inwoners van die dorp voorgehou.

Jan Beyers, direksielied van die KSOK, het verduidelik dat Orania se ekonomie in 'n groeifase is en dat die statistieke van die 2022 Besigheidsopname aangedui het dat 55% van Orania se besighede minder as 5 jaar lank bestaan, dat 47% van die besighede se omset minder as R250 000 per jaar is en dat die KSOK 'n rol wil speel met besigheidsfinansiering en die bied van hulpmiddels vir entrepreneurs, en die vestiging en uitbreiding van kleinsake.

Die eerste bestuur van die Besigheidsklub en direksie van die KSOK is verkies en aangekondig. Hulle is JP Combrink, Ruaan van Dyk, Magdaleen Kleynhans, Pieter Loots en Sarel de Villiers. Die Besigheidsklub is oop vir enige belangstellende van Orania en lidmaatskap van R50 is 'n vereiste voordat iemand by die KSOK as lid mag aansoek doen of aanvaar sal word.

Besoek hul webwerf by www.ksok.co.za vir besonderhede oor Broeikas wat die entrepreneur help om 'n finansieringsaansoek voor te berei en Groeikas wat die sekuriteit verskaf wanneer 'n OSK lening aangegaan word. KSOK-lede financier Groeikas se sekuriteit en gee deelnemende insae.

Stuur 'n e-pos na navrae@ksok.co.za met jou vrae of skakel hulle by 053 050 1114.

## Tannie Joey nader 'n eeu

Mevrou Joey Ackerman het op 2 April 98 jaar oud geword en het dit in 'n feestelike luim saam met haar mede inwoners en familie gevier. Tannie Joey is tans die oudste inwoner van die Orania Karoosig Aftreeoord. Sy het vrooër jare op die plaas Rietfontein in Delareyville gewoon waar sy haar eie plaasskooltjie tot haar aftrede bedryf het. Haar kinders Paul en Corlie is dankbaar vir 'n mamma vir wie daar nog drukkies uitgedeel kan word. Dié dame het tot die ouderdom van 94 nog ywerig Bybelstudie vir ander aangebied. Volgens Paul, wie ook in Orania woon, is haar gunsteling tydverdrywe Seduko, stap, Bingo, terapeutiese inkleur en die invul van blokkiesraaisels. Sy is baie lief vir haar skoondogter, Abigail,se bederfies wat allerhande soetgoed, nat biltong, spesifieke koekies, grondbone met rosyne en Coke insluit.

Koerania wens tannie Joey 'n wonderlike nuwe lewensjaar toe!


Besoek Orania Karoosig Aftreeoord se Facebook-blad



**Tannie Joey Ackerman**

## ORANIA DAGBOEK

- **23 – 25 April:** A-Z Pekanneutkonferensie
- **27 April:** Hoezit Samelewing (Francis Boyce)
- **Meimaand:** Gesondheidsmaand (Orania Helpmekaar)
- **2 Mei:** Vryheidstigtinggesprek: Begrond
- **3 Mei:** Vellievoetefees ten bate van Forum vir gestremdes
- **4 Mei:** CVO-skool Bondedag rugby en netbal
- **9 Mei:** Hemelvaartdag: Orania vakansiedag
- **25 Mei:** Raar maar Waar Speletjiesaand ten bate van Forum vir Gestremdes
- **25 Mei:** Orania Perdryskool Opedag
- **31 Mei:** Bittereinderdag – Orania vakansiedag
- **4 Junie:** Vryheidstigting Boekbespreking
- **1-4 Junie:** Vakansieprojek (Orania Helpmekaar)
- **11 Junie:** Skole sluit
- **14-16 Junie:** Vryheidstigting Jeugberaad
- **20 Julie:** Orreluitvoering
- **1 – 3 Augustus:** KultuurKuier in Orania




# Rilene verken die VSA

Op 5 Februarie 2024 het sy tussen Cumming en Alpharetta, in die staat Georgia in die VSA begin werk terwyl sy haar ondervindingsveld geweldig uitbrei. Rilene van Staden is 'n Oraniër, maar het haar tuiste vir ten minste een jaar vir die VSA verruil om as au-pair werksaam te wees.

Sy bly saam met 'n gesin in hul kelder, maar daar het sy 'n eie slaapkamer, sitkamer, kombuis en badkamer. "Dit is eintlik 'n klein woonstel onder hulle huis," verduidelik Rilene. Die gesin by wie sy werk bestaan uit die ouers, 'n drie maande oue tweeling en twee peuters van 1 en 2 jaar oud. Daar is nou vyf vroue en twee manne in die huishouding, Rilene ingesluit.

Rilene vertel dat sy saam met die gesin eet en hoef dus nie vir kos te betaal nie. Sy verdien 'n weeklikse fooi omdat sy 'n skedule moet handhaaf waartydens sy vir 45 ure van die week na die kinders omsien.

Sy vertel dat die kultuur daar baie van die Afrikaner se kultuur verskil. "Die kinders hier ken nie asseblief en dankie nie. Hulle skree op hulle ouers en slaan hulle end it is nogal moeilik om dit te aanskou as jy uit 'n huis kom waar die opvoeding 100% die teenoorgestelde was. "My pa sou lankal my agterent aan die brand geslaan het as ek helfte van die goed doen wat dié kinders doen en sê," sê Rilene.


Haar verantwoordelikhede sluit in om vir die kinders ontbyt, middagetes en aandetes te maak. Doekeruil is natuurlik deel van hierdie kleingoed se roetine. Sy pak die skottelgoedwasser in en uit, ruim die huis op, pak speelgoed weg en stofsuig die vloere daagliks.

Die grootste aanpassing tot dusver vir haar was om nie oom of tannie te sê nie, en om te aanvaar dat jy nie ongeskik is as jy mense op hulle name noem nie.

Sy het 'n voertuig tot haar beskikking en kan die omgewing ontdek wanneer sy nie werk nie. "Ek geniet dit die meeste om nuwe plekke te sien, en nuwe dinge te doen. Alles in die lewe het maar hulle uitdagings en mens gaan nie net altyd 'n lekker lewe hê nie, maar dit is vir my ongelooflik lekker om baie nuwe mense te ontmoet," vertel die 22jarige dame.

Na afloop van die jaar kan Rilene besluit of sy haar kontrak met 3, 6 of 9 maande wil verleng. Tans sien sy net uit na die dertig dae wat sy, na die jaar, sal kan toer voordat sy besluit wat om daarna aan te pak.

**"Die wêreld is so groot, en dis lekker om daardie prentjie of idee wat jy van die wêreld het, te kan vervang met ware herinneringe."**


Rilene van Staden laat die Orania vlag in die VSA wapper!

# Egpaar Erasmus ondervind die Amerikaanse sjarme

Lourens en Kaylin Erasmus kry tans warm waar hulle in Hazlehurst, 'n klein dorpie wat ongeveer 3 ure se ry van Atlanta af en 2.5 ure van Jacksonville af geleë is. Hulle bevind hulle in die staat Georgia in die VSA, en gelukkig nogal naby die see.

Lourens het 'n 10 maande werkspermit gekry om op 'n plaas, waar hulle tans mielies plant, te arbei. Kaylin vertel dat daar op dié plaas katoen en grondboontjies ook geplant word. "Lourens verlaat in die donker die huis en keer in die nag weer baie vuil terug van die lande af," deel vroulief. Daar word instandhouding van Bloubessieboompies bykomend op die plaas gedoen. Dié egpaar sal na die tien maande besluit of hulle dalk die Amerikaanse winter ook wil trotseer en sodoende 'n bietjie langer aanbly.

Kaylin kry nou die geleentheid om Lourens te versorg en maak seker die huishouding se sake verloop vlot. Sy is beslis nie verveeld nie, want sy vertel reeds dat die dorp baie aktiwiteite vir individue of groepe bied waarby sy reeds betrokke geraak het.

"Ek gaan gereeld, veral Saterdae, saam met Lourens werk toe, veral as hy beplan om heeldag in die trekker deur te bring. Ek het my sitplek langs hom," vertel sy opgewonde.

Wanneer Kaylin tuis bly geniet sy dit om die plaaslike biblioteek, wat loopafstand van hulle huis is, te besoek. Sy vertel van die weekliks kreatiewe aktiwiteite wat hulle gratis aan kan deelneem. Die damesoggende by hulle kerk geniet sy wanneer daar gassprekers optree wat interessante onderwerpe bespreek. "Dan is daar natuurlik winkels soos Wallmart, waar ek vir lank kan rondstap en alles bekyk…" kan sy nie help om te vertel nie.

Die jong vrou was in 2021/2022 'n au-pair in New York en geniet die plaaslike mense van hulle huidige tuiste se southern charm en vriendelikheid geweldig.

Kaylin se hoogtepunt van elke dag is beslis wanneer Lourens tuiskom en van sy dag vertel. Aangesien hy in 2023 alleen in Amerika was en Kaylin in Suid-Afrika agterbly het, benut hulle elke beskikbare oomblik saam. "Ons is baie dankbaar dat die Vader dit moontlik gemaak het dat ek dié jaar kon saamkom," sê sy met 'n glimlag.


Lourens en Kaylin Erasmus wat Amerikaanse waters gaan proe het.


Lourens by die trekker waarop hy gereeld as "farm hand" werk en waar Kaylin saam ry wanneer die geleentheid hom voordoen.



# Hoeveel reëls sal genoeg wees?

## *deur die Burgemeester se Bril*



**Lida Strydom** - Burgemeester

Ek het onlangs teruggekom van Duitsland af. 'n Lieflike land waar 'n mens baie kan leer.

Hoe langer 'n mens daar is, hoe meer kom jy egter agter dat daar sekere dinge is wat totaal onaanvaarbaar is. Om 'n straat oor te steek by enige ander plek as by 'n voetgangeroorgang en 'n groenlig, kan lei tot 'n boete, dus kan jy nie vinnig oor die straat hol as daar 'n opening in die verkeer is soos wat ons in Suid-Afrika geneig is om te doen nie.

Waag om onder die prop op jou fiets te ry en jy kan jou bestuurslisensie verloor. As jy per fiets 'n rooi verkeerslig oorsteek, kry jy baie maklik 'n negatiewe punt op jou bestuurslisensie. Sondae is die winkels volgens wet toe en mag trokke nie op die pad wees nie. Op sekere vakansiedae is dans verbode – daar was juis 'n berig dat 300 gaste by 'n nagklub aangekeer is omdat hulle op Goeie Vrydag gedans het.

In verskeie geboue is daar die reël dat daar nie toerusting soos stofsuiers of wasmasjiene gebruik mag word tydens rustye nie. Dit is byvoorbeeld tydens middagete, saans na agtuur en Sondae. In woonbuurte geld dieselfde reël betreffende grassny, blasers wat die erf skoonblaas, boor of kap met hamers. 'n Mens pla dus nie jou buurman op ongeleë tye met geraas nie. In die hele tydperk wat ek in Duitsland was, het ek nie een keer iemand anders se harde musiek gehoor nie. Dit was werklik salig.

Duitsland het selfs reëls oor snoeidatums vir bome, sodat voëls se neste nie versteur word nie.

Ek sou ook graag wou sien dat 'n nessie met eiertjies geleentheid gegun word om uit te broei vóórdat 'n tak afgesaag word. Ek hou baie van stilte en ek wens my buurman het nie vroegoggend 'n blaser gebruik om sy terrein mee skoon te blaas nie, want ek hou nie van geraas nie. Ek hou nie van die doef-doef wat ek so dikwels al in die vroeë-more-ure hoor nie. Maar moet ons nou 'n reël maak oor elke klippie in die skoen?

Ek sou graag eerder in 'n Orania woon waar daar geen reël is nie, maar waar ons aan mekaar regdoen uit respek en konsiderasie. Dink net as alle bure mekaar in ag geneem het ten opsigte van lawaai dan het ons nie nodig gehad om 'n reël oor sluitingstye vir kuierplekke te maak nie. Of as almal verantwoordelikheid geneem het vir hulle diere, dan het ons nie diereреëls of 'n skut nodig gehad nie. Óf iemand wat dit moet afdwing nie. Hoe wonderlik sou dit wees as iemand anders nie verantwoordelikheid hoef te neem vir die onbeheerste aanteel van katte nie. Dink net as dit nie nodig was om spoedwalle op te rig of toerusting aan te koop om spoedvrate mee uit te vang nie; as almal in Orania hou by veilige spoedgrense sal ons kinders altyd in die strate kan speel.

Lukas gee 'n mooi opsomming van hoe ons met ons naastes moet omgaan: En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.

Hoeveel reëls sal in Orania genoeg wees? Ons, die Oraniërs, sal dit bepaal met ons gedrag. Mag dit ook tot Sy eer wees.

Soli Deo Gloria!

Promosie




# Die Voortrekkermonument word lewendig

"Hierdie is nie my oorlog nie en steeds het ek alles verloor. Hardloop my kind, hulle is op ons, hardloop, maar die duiwel haal jou in, hulle steek mens en wa aan die brand. Die desperate geskree na hulp weergalm nou nog in my kop, bloedveld regoor die landskap lê kinders soos koring gesaai, afgemaai, flenters, verwoes. Ou mense vroumense, kalles en kinders assegaai so diep soos geloof self deur klein lyfies gedwing."

Die woorde kom uit 'n monoloog uit die Gelofteblyfspel wat deur die Voortrekkermonument se eie akteur Karla Hoogendoorn opgevoer is.

Dit was maar een van die hoogtepunte tydens die eerste eksklusiewe nagtoer wat deur die baken van hoop, die Voortrekkermonument, aangebied is. 35 toergangers het die unieke geleentheid bygewoon.

Tydens die monoloogopvoering van hierdie hartroerende toneel by die friespaneel wat die Slag van Bloukrans uitbeeld, het toergangers duidelik na hul asems gesnak en moes hulle die trane beveg. 532 Voortrekkers is in die nag van 16/17 Februarie 1838 vermoor waarvan 185 kinders was.

Die toer, waar al die friespanele deur beligting werklik lewendig word, is deur Charles Rademeyer aangebied en die toergangers het met lof oor die aanbieding gepraat.

Christiaan Jordaan, wat die rol vertolk van Sarel Cilliers, het die gelofte by kanon Grietjie afgelê, net soos Cilliers gedoen het in die oploop van die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838.

Toergangers sê dit is verseker een van die beste ondervindings wat hulle gehad het oor hoe die geskiedenis oorgedra en aangebied word.

"Dit is my eerste keer ooit by die Voortrekkermonument en wat 'n ervaring. Die opvoering van die vrou (Karla) was net hoendervleis. Sy het dit so goed gedoen, dit het gevoel of ek by Bloukrans is. Mens kan nie glo hoe wreed dit was nie," sê die 18-jarige Tiané Smit.

Bronwyn Swanepoel (16) en haar broer Rogan (19) kon nie uitgepraat raak oor die beligting en hoe dit die friese "lewendig gemaak" het nie.

"Dit is 'n heeltemal ander ervaring as wat ek ooit by die monument gehad het. Ek het meer van die monument gesien as wat ek ooit gesien het. Ek speel more netbal en ek gaan al my vriende sê hulle moet kom op die volgende nagtoer," sê Bronwyn.

"Dit is heeltemal anders om dit te lees in 'n boek as om dit te beleef. Ek het vanaand in 'n uur en 'n half meer geleer as wat ek in my hele hoërskoolloopbaan geleer het oor dié geskiedenis," sê Rogan.

Die datum vir die volgende nagtoer gaan binnekort aangekondig word.

Promosie

# SKOLEPROJEKTE

## Dink, droom en doen vir jou Toekoms




Die FAK se gewilde Internasionale Afrikaans-Ekspo het vanjaar vroeg weer afgeskop en jy is genooi om deel te neem.

Maak skerp jou potlood, trek nader die esel, warm jou stem op en kry jou kamera gereed, want dit is Ekspo-tyd.

Net soos in die verlede kan jy uitsien na lekker uitdagende opdragte en wys wat in jou steek deur deel te neem aan 'n verskeidenheid onderwerpe soos voordrag, poësie, kuns, fotografie, kreatieweskryfwerk en vele meer. As jy dit kan droom, kan jy dit doen.

Vanjaar se tema is toekoms, so maak seker jou pen se ink is vol, want ons wil weet wat is jou planne vir die toekoms?

Wat dink jy hou die toekoms vir jou in? Hoe lyk die toekoms van die land? Wat is die toekoms van jou taal? Weet jy hoe om vir jouself 'n beter toekoms te bou? Deel jou idees met ons!

Kinders en jongmense tot en met die ouderdom van 25 kan hieraan deelneem.

Lees meer hieroor en skryf in by https://projekte.co.za/ekspo/

## FAK Geskiedenisolimpiade 2024

Is jy avontuurlustig of net lus vir 'n uitdaging? Neem dan deel aan die FAK se Geskiedenisolimpiade 2024. Laerskoolleerders kan hulleself inleef in die gebeure van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en hoërskoolleerders in die doen en late gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Inskrywings het op 1 Maart geopen en sluit op 30 Junie. Die eerste rondte is 'n aanlyn toets wat op 6 Augustus geskryf word en die tweede rondte se uitdunne is 27-29 September by Udolpho, die FAK se rivierplaas aan die Vaalrivier. Navrae kan gerig word aan olimpiade@fak.org.za of besoek gerus die webwerf https://projekte.co.za/geskiedenisolimpiade/




## Hoezit Samelewing sê hoezit, Orania!




## OOM kry 'n kantoor in Pretoria

Die Orania Ontwikkelingsmaatskappy spog met 'n kantoor in Pretoria. Dié kantoor sal voornemende sakemanne en beleggers wat 'n behoefte het om hul belange in Orania uit te brei help om maklik en vinnig by die regte persone of instellings uit te kom.

Die besluit het gespruit uit 'n toenemende belangstelling in Orania onder Afrikaners, wat 'n gerieflike en sentrale kontakpunt nodig het om hulle reis na hierdie eiesoortige gemeenskap in die Bo-Karoo te fasiliteer.

Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, het tydens die bekendstellingsfunksie wat op 19 Maart by Sol-Tech-kampus gehou is, gesê: "Daar is 'n groot aantal mense in Pretoria en omliggende gebiede wat graag in Orania wil belê en die kantoor sal verseker dat hulle moeiteloos toegang tot die nodige inligting sal kry om so 'n belegging moontlik te maak."

Diegene wat van voorneme is om in Orania te vestig sal deur die kantoor bygestaan kan word.

Flip Buys, die voorsitter van die Solidariteit Beweging het tydens die geleentheid gesê dat Orania Ontwikkelingsmaatskappy ten doel het om Orania te help om infrastruktuur te ontwikkel, bottelnekke wat groei kniehalter uit die weg te ruim en opleidingsinstellings te ontwikkel.

Ander sprekers wat deelgeneem het aan die bekendstellingsgeleentheid is Kallie Kriel, uitvoerende hoof van Afriforum en Appie Pienaar, finansiële hoof van Solidariteit.

Die kantoor sal deur Du Preez De Villiers beman word.

Skakel Du Preez de Villiers by 082 598 7329 of stuur 'n e-pos na dupreez@ontwikkelorania.co.za vir meer inligting.



**Dupreez de Villiers beman die Orania Ontwikkelingsmaatkskappy se kantoor in Pretoria.**



**Frans de Klerk, uitvoerende hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy.**




053 110 0620 | 061 768 1852 | ontvangs@bko.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# BKO word 'n landboukenner ryker

Carla Loots - BKO



Jasper Dreyer het onlangs by Bo-Karoo Opleiding (BKO) in Orania as Departementshoof: Landbou, aangesluit.

Jasper het vir 15 jaar in Potchefstroom gewoon, waar hy 12 jaar lank 'n dosent in grondkunde was. Hy is tans besig met sy PhD-graad in digitale grondkartering vir presisieboerdery aan die Noordwes-Universiteit. Hy wil graag sy kennis en ervaring gebruik om die landboukurrikulum uit te brei en meer gespesialiseerd te maak.

Hy beplan dat die Leer-my-hoe-proefplaas optimaal gebruik moet word, tot voordeel van landbou in Suid-Afrika en veral die Noord-Kaap. Sy droom vir BKO is dat die instelling nie net in getalle sal groei nie, maar ook as top hoëropleidingsinstelling erken sal word.

"Ons het groot planne vir landbou by BKO," sê hy. "Eerstens wil ons die departement se kapasiteit uitbrei en verder ontwikkel om volhoubare groei en gehalte te bevorder. Tweedens beplan ons die uitbreiding van die Leer-my-hoe-proefplaas om studente aan praktiese landbouaktiwiteite binne ons streek bloot te stel. Ons beoog om ondersoek in te stel na vakrigtings soos agronomie en veekunde en daardeur ons eie kurrikulums en modules te ontwikkel," brei Dreyer uit.

Paul Vogel, uitvoerende hoof van BKO, is baie opgewonde om Dreyer se bydrae te beleef. "BKO het 'n sterk fokus op landbouopleiding en ons wil dit verder uitbou. Jasper se aanstelling bring vir ons baie kundighede en vaardighede wat ons uitbreidingsplanne uitstekend aanvul."

# BKO vertel stoepstories

Die BKO-studente het hul talente vir die gemeenskap gewys tydens hul eerste Stoepstories- en Talentaand. Dit is baie voordelig vir 'n gemeenskap om sy jongmense te omarm en hulle 'n stem te gee.



Die Stoepstoriesspan wat die program laat vloei het was Juan van Zyl, Alwyn Odendaal, MW Ross en Lisa Paulsen



Doret le Cornu en Chané Stone het die gehoor met hulle sang bederf.



Henco Vollgraaff het sy koshuis begelei met 'n opgewekte nommer van ouds.



'n Lekker tromitem is deur Ruben Doubel gelewer.

# ORANIA JEUG



**Cherise Barnard** is 'n 20 jarige meisiekind wat kleintyd al die voorliefde ontwikkel het om met haar vingers oor die knoppies van 'n kamera te speel. Sy is egter 'n jongmens met haar voete vierkantig op die aarde geplant.

Sy het in 2023 haar Hoër sertifikaat in fotografie aan die Potchefstroom Akademie verdien. Potchefstroom was vir haar 'n heerlike studenteplek, maar sy het veral genot daaruit geput omdat sy 'n wye spektrum werksgeleenthede, wat fotografie aanbetref, daar kon kry. "Ek het soveel kreatiewe mense ontmoet met wie ek gewerk het," noem Cherise.

Dié slimkop wou oorspronklik mikrobiologie studeer, maar het besluit om eers haar liefde vir die kamera en foto's neem as 'n beroepsopsie op die proef te stel. Sy het, soos meeste mense, met haar foon foto's begin neem voordat sy met 'n kamera begin eksperimenteer het. "Mikrobiologie gaan nie weghardloop nie en ek kan dit dalk later studeer, maar ek kyk nie tans terug nie!"

Cherise is in Kempton Park gebore en sou nooit kon voorspel dat sy 'n eie besigheid in fotografie en videografie met 'n tikkie grafiese ontwerp daarby in Orania sou begin nie. Haar studies was 'n avontuur waar sy baie ondervinding opgedoen het terwyl hul as studente met professionele toerusting kon leer en werk. Die blootstelling aan moontlikhede in die beroep en om programme te leer ken wat jy kan aanwend om redigering te verbeter het haar gefassineer.

Volgens haar is 'n foto 'n geskenk vol kosbare oomblikke en die geleenthede wat elke foto jou bied om kreatief daarmee te werk is legio. Sy swiep haar lang hare oor haar skouer terwyl sy vertel dat sy nooit gedink het dat sy dit so sou geniet om troues se foto's te neem nie. "Die wonderlike ding van mense is dat hulle behoeftes altyd verskil en dit sorg vir opwinding en afwisseling in die prosesse van fotografie en videografie," beduie sy.

Sy is nie bekommerd dat kunsmatige intelligensie die rol van 'n fotograaf sal vervang nie. Sy is optimisties wanneer sy noem dat 'n hoë werksetiek en standaard van werk van kardinale belang bly. "Dit is uitdagend om kunsmatige intelligensie met jou werk te integreer, maar van die elemente kan jou werk se kwaliteit en variasie geweldig uitlig," vertel Cherise.

Wanneer dit by die uitdruk van foto's kom is sy beslis selektief. Sy erken dat dit lekker is om na fisiese foto's te kyk en daaraan te vat, en dat gunstelinge en voorkeure fotografie as 'n kunsvorm beklemtoon.

Die belangrikheid om digitale foto's te bewaar verstaan sy, want dit is op verskeie sosiale media platforms waar internasionale blootstelling kan plaasvind. Dié jong fotograaf geniet 'n fotosessie waar 'n indrukwekkende tema met 'n verskeidenheid klere en karakters uitgelig kan word. Die neem van meer formele foto's soos vir troues en matriekafskeide wen met 'n kortkop.

Sy kies met moeite tussen kleur of swart en wit fotografie. Swart en wit foto's voel vir haar tydloop en maak vir haar 'n lieflike visuele impak. Afhangende van die gevoel wat jy met 'n foto wil skep werk die natuur altyd tot 'n fotograaf se voordeel. "'n Moderne of outydse gebou kan 'n unieke storie vertel en 'n foto totaal herskep."

Aangesien sy die redigeringsproses geniet is 'n kunsfoto wat vreeslike redigering vereis nog 'n gunsteling. Sy is wel duidelik toe sy verduidelik dat sy volwasse modelle verkies omdat hulle verstaan wat van hulle verwag word. In 'n studio kan sy die lig bestuur, maar die uitdaging van buitelug fotografie hou dit interessant.

Sy drink graag eerder 'n cuppachino terwyl sy redigering doen en plat skoene met 'n langbroek bly maar 'n praktiese keuse vir die op-en-af van haar werk. Dié meisie het 'n oog vir 'n ideale fotohoek en vergryp haarself maklik aan Youtube videos wat filmtemas bevat. "Ek het nie tyd vir fliek nie. Ek wil iets leer as ek tyd neem om daarna te kyk," sê sy prontuit.



'n Komposisie van dier en water en lig waar die fotograaf met baie lae kon speel



Cherise Barnard met 'n selfportret waar sy heerlik kreatief kon raak tydens die redigeringsproses.

Vir nou sluit sy die behoefte aan muisneste uit want sy fokus daarop om 'n besigheid te bou. Haar vriende raak nou op 'n streep verloof en sy sien daarna uit om hulle foto's te neem, maar stel nie self nou in die liefde belang nie. "Alles in goeie tyd."

Haar mikpunt binne die volgende vyf jaar is om 'n studiospasie te laat bou waar sy klas kan gee in fotografie en videografie. Sy wil graag haar eie kurrikulum opbou sodat sy vir aspirant fotograwe, selfs baie jong kinders, 'n mentor kan wees.

Cherise se boodskap aan jongmense: "Dink mooi wat jy met jou tyd wil doen. Studeer iets wat 'n ingeligte keuse is en wat jou passie is. Niemand van ons moet 'n keuse namens iemand anders maak nie, maar jou sukses sal kom met 'n persoonlike keuse."

Sy neem geestelike gesondheid ernstig op en wil ander aanmoedig om hulself soms met tyd te bederf. "Ek wil dinge doen wat energie in my terugpomp. Ek eis die tyd vir myself. Almal is dit aan hulself verskuldig."

Kontak Cherise by 076 727 0088 om meer te wete te kom oor die passievolle fotograaf wat jou belange altyd eerste sal stel.

# Melk en Heuning se nuwe milieu en uitgebreide spyskaart lok hul ou en nuwe kliënte nader


Eienaars Marcel (middel) en Riaan Jacobs met hul kollegas.


Die jong assistente by Melk en Heuning maak seker dat hulle die nuwe kasregister reg verstaan voordat die eerste jong kliënte bedien word.


Marli de Lange, bestuurder van Melk en Heuning.

BAIE GELUK MET JUL NUWE "GESIG".
VOORSPOED & SUKSES
027 482 2832
www.biedouwvalleyrooibos.co.za

KOERANIA
wens Melk en Hening
alle voorspoed toe
met die nuwe winkel
083 726 1180 redakteur@koerania.co.za
www.koerania.co.za

## 'n Speletjiesaand met klomp kinkels!

Die energie loop hoog en die skaterlag word afgestof vir die derde Raar maar Waar pretaand wat op Saterdag 25 Mei om 18:30 in die Orania Gemeenskapsaal aangebied word. Daar word vanjaar tussen 'n mansspan en 'n vrouespan gekompeteer.

Die speletjies sorg vir 'n onvoorspelbare program wat spanlede, persoonlikhede en gaste op die punt van hulle stoele hou. Dia van Staden is die aanbieder van die program en James Kemp tree as die regter op om seker te maak dat alles vry en vrolik vloei…

Die twee spanne word vanjaar deur Afsaal eiendomme en Koerania geborg. Die Forum vir Gestremdes gaan baat by die fondse wat ingesamel word. 'n Splinternuwe Musiekfabriek gaan opslae maak, want daar is 'n hele klomp kinkels in die note wat hulle bring! Christelle de Villiers en ds Ruan Combrink swyg oor die verskeidenheid liedjies wat hulle gaan opdis.

Die persoonlikhede word vanjaar ook in mans en vroue verdeel. Marli Snyman en Hester Botha, wenners van die afgelope twee jaar se Raar maar Waar kan nie wag om hulle deel in die gehoor te doen nie, aangesien die gehoor met die meerderheid speletjies saam moet sing, raai of vertel.

Die sombomme van OSK staan gereed om die puntetelling by te hou en die geld te tel wat mildelik geskenk word. James, die regter, hou 'n vinnige veiling aan die einde van die aand, want hy wil mos nie bloed uit 'n klip tap nie?

Teen slegs R1 200-00 per tafel vir tien persone word 'n rekordgetal mense vanjaar verwag. Elke tafel bring hul eie piekniekmandjies met kos en te drinke en is seker van 'n aand vol plesier!

Kaartjies sluit deelname aan die speletjies vir die gehoor in en lawwe pryse kan gewen word! Kontak die Okkasie Hasie by 083 726 1180 om seker te maak dat jy dié jaarlikse lekkerte nie misloop nie.

'n Terugblik op 2023…


Wayne Mcdermitt, Christelle de Villiers en Leon Strauss was flinke teenstanders in 2023.


Die een helfte van die gehoor moes uithaal en wys met sang en bewegings.



# Emile wil nuwe tegnieke bevorder

Dia van Staden - Redakteur

Die 22 jarige man was 13 jaar oud toe hulle na Orania getrek het. Hy het pas sy Baccalaureusgraad in Argitektuur verwerf en sien daarna uit om ten minste vir 'n paar maande in Orania te werk.

Emile Janse van Rensburg se hart trek na 'n unieke bou- en ontwerpstyl wat Biomimicry and Green Building genoem word. Dit is 'n ontwerpstyl wat deur die natuur geinspireer word. Volgens hom hou hy van die feit dat die boustyl kosteeffektief is, en dat daar sterker, ligter en minder arbeid daarvoor gebruik hoef te word. Die veelsydige aanwending daarvan in enige modern of selfs Romeinse boustyl beindruk dié jong argitek.

Nadat Emile in 2019 gematrikuleer het, het hy in 2020 sy studies in Hoër Sertifikaat vir Sportwetenskap en Opvoeding (HCSSE) aan die Universitiet van Pretoria begin. Die grendelstaat het toegeslaan en hy was gedwing om huis toe te kom. Hier het hy die geleentheid gekry om by die plaaslike hospitaal sy praktiese ure, wat in lyn met my studies was, te doen. Dit wou voorkom asof sy mediese droom daarmee heen was omdat hy nie aanvanklik daarvoor keuring gekry het nie.

In die middel van 2020 het hy by die Universiteit van die Vrystaat aansoek gedoen om argitektuur te studeer, want 'n vriendin het hom met feite oortuig van die waarde van die beroep. Sy liefde vir bou en ontwerp het as klein seuntjie begin waar hy toegelaat is om te ontdek terwyl hy speel. Hy was eers in HTS John Voster waar hy blootgestel is aan Tegniese Tekeninge. Hy het nie so waffers daarin gevaar nie, maar het dit geniet.

In 2015 het hul gesin na Orania verhuis en het hy sy Graad 9 by die CVO-skool begin. Die aanpassing was nogal groot van die groot skool na Kleiner klasse met meer individuele aandag. Hy het egter gou die vrugte van die Kleiner klasse en meer individuele aandag begin pluk. Sy IGO (Ingenieurs en Grafiese Ontwerp) onderwyser het sy entoesiasme gemerk en 'n groter kennisraamwerk beskikbaar gestel.



Emile het reeds vroeër jare by Christiaan van Zyl aangeklop vir advies ten opsigte van die begin van sy Argitektuurstudies. Christiaan se woorde was dat daar nie 'n reg of verkeerd is nie, maar eerder grys. Daarmee het ek verstaan dat almal anders dink. Dit kon ek ten volle verstaan en in my eie lewe sien. Daarom, ten spyte van die feit dat sy lektore nie altyd mal was oor sy projekte nie, was die terugvoer van sy medestudente en nagraadse studente positief.


Hy vertel: "Argitektuur is baie omvattend en sluit vele kategorieë soos fotografie, modelbou, sketse, plakkaatontwerp, boumetodes en persoonlike ondekking in." Hy verwys trots na 'n paar projekte wat hy gedurende sy studies voltooi het wat vir hom hoogtepunte was.

Hy moes 'n Hadeda-woning in sy eerstejaar ontwerp. Die vryheid van ontwerp het hom toegelaat om sy gedagtes vrye teuels te gee.

In sy tweedejaar moes die studente 'n kliniek uit skeepvraghouers ontwerp waar hy nog sy finale planne met die hand geskets het. "Tydens die voorlegging van my projek het my lektore dit as 'n voorbeeld gebruik vir wat hulle verwag vir die res van die jaar. Om erkennig te ontvang vir kreatiwiteit en harde werk is iets onbeskryflik."



Nog 'n hoogtepunt was die uitdaging wat hulle gegee is om in die middestad van Bloemfontein, met geboue omring, Dit is hier waar hy biomimicry ontdek het. Hy het sy eie grense geskuif en met 'n unieke ontwerp nav ore gekom wat teen alle norme indruis. Hiermee het hy geleer dat mense se smake en perspektiewe verskil.




Dié man skuif graag grense maar terwyl die ontwerp van geboue steeds uitdagend is, wil hy die ontwerp van produkte soos windturbines ook 'n kans gee. Hy voel dat ontwerp se krag in baie meer as net geboue lê. Hy noem sommer gou 'n paar opsies soos die ontwerp van produkte, bemarkingsmateriaal, die kunste en nog vele meer.

Orania is vir hom meer van 'n tuiste as wat hy voorheen in die stad beleef het. Hy beaam dat niemand 'n prys kan heg aan die veiligheid en vryheid wat 'n Oraniër ervaar nie. Hier is menslikheid te vinde, en dis daarom dat hy Orania sy tuiste noem. Hy sal graag eendag sy kinders in Orania wil grootmaak met die wete dat hulle veilig en vry kan wees.

Sy toekomsplanne in Orania is om te verseker dat die idee van Orania voortleef. Emile wil 'n bydrae maak om te verseker dat die Afrikaner se nageslagte veilig kan wees en in 'n omgewing kan woon waar hul aan Afrikanerwaardes en kultuur blootgestel word.

Wanneer hy wil dink gaan ry hy fiets. Dit is wanneer hy probleme oplos en hy geniet dit om liggaamlik en geestelik gesond te wees. Hy probeer om 'n oormaat suiker uit sy dieet te hou en verkies dan om tee te drink. Hoender is 'n lekkerte op sy bord, maar braaityd kan 'n biefstuk maar nader staan. Emile geniet enige musiek wat 'n tempo van 130 tot 160 slae per minuut het, want dit help om die intensiteit van sy fietsry hoog te hou. Wanneer hy in 'n rustige bui is verkies hy die musiek van Hans Zimmer.

Wanneer die geleentheid hom voordoen is tyd saam met vriende in enige vorm welkom. Om tyd te maak vir die mense wat jou ondersteun en bystaan is vir hom belangrik. Hy geniet 'n rustige dag by rivier waar hy kan roei of net die natuurskoon kan waardeer.

Hy skep asem voordat hy raad wil gee aan toekomstige studente. "Moenie onsekerheid vrees nie. Die illusie van een pad kies, en dit is al wat jy vir die res van jou lewe gaan doen is nie die realiteit nie. Mens moet 'n pad kies wat jou in staat stel om te groei en uiteindelik 'n sukses daarvan te maak. Mens se keuse moet jou die dryfkrag gee om jou doelwitte te bereik," spreek hy met wysheid.

Tot wanneer Emile eendag sy Land Rover ry, die prys van petrol en diesel ter syde gestel, sal hy met sy moderne meubels 'n ordelike ruimte skep waar hy sy rekenaarspeletjies met 'n wye aanlynvriendekring kan deel.

## Vonkie die Donkie

Vonki is 'n miniatuur troeteldonkie wat nie heeltemal so klein soos miniatuur perde is nie. Volgens sy eienaar, Spagie de Klerk, word hulle ongeveer 1m hoog. Hy vertel dat die ras oorspronklik van Italië afkomstig is waar hulle glo in die myne se tonnels gebruik is om steenkool of erts uit te dra. Vonki se pa, Kiri, en ma, Tivoli, kom van Potchefstroom af en is nou al amper twee jaar in Orania by die Boskamp woonagtig. Vonki was op 19April een maand oud. Die donkies word slegs as troeteldiere geteel. "Hulle is seker sterk genoeg om 'n klein donkiekar te trek, maar ons gebruik hulle net om mee te teel, want miniatuur donkies is nogal duur," deel Spagie. Hy noem dat hulle baie liefdevol en mak is, maar seer kan byt en skop, en daarom vereis dit dat 'n mens maar altyd mooi met hulle werk.



KOERANiA
Besigheidslys
Gebruik ons aanlyn besigheidslys om besighede in Orania te vind
SKANDEER MY!
LEES DIT! DEEL DIT!
083 726 1180 redakteur@koerania.co.za
www.koerania.co.za

KOERANiA Besigheidslys
Verhoog die sigbaarheid van jou besigheid en bereik 'n wyer gehoor vir 'n **EENMALIGE BETALING VAN R420.**
Verhoog jou handelsmerk se blootstelling, lok potensiële kliënte en verbeter jou SEO-telling. Jou advertensie op die besigheidslys versterk geloofwaardigheid en bou vertroue by verbruikers. Daar is kliënte wat **JOU** produkte of dienste benodig.
Kom ons wys vir hulle wie en waar jy is!
SKANDEER DIE QR-KODE OM DIE AANLYNVORM TE VOLTOOI.

# Die Aandmark by die Kuierstoep maak aandete

Op Vrydag 3 Mei word daar weer Aandmark by die Kuierstoep, voor die biblioteek in Kleingeluk, gehou. Daar heers 'n behoorlike kuieratmosfeer met genoeg koskeuses om aan te smul. Is jy 'n liefhebber van pannekoek, oliewiele, roomys, sop en broodjies, boereworsrolle, boepensbroodjies of iets te drinke?

Jy gaan dit by die Aandmark kry. Ander stalletjies waar jy kan drentel sal dekor, gereedskap, wintersklere, sepies, neute en droëvrugte insluit.


Maryna de Klerk

Diégene wat kompeterend wil wees kan hul skaakskuif kom maak en die ander spelers uitdaag tot skaakmat 'n volgende spel laat begin.

Kontak vir Anél Meiri by 074 155 7770 vir meer besonderhede en om jou stalletjie vanaf slegs R50 te bespreek. Laat die kok in die huis 'n blaaskans neem en kry jou en jou gesin se aandete by die aandmark!

**Hier is 'n paar kiekies wat gedurende Maartmaand se mark geneem is.**

Foto's: Verskaf


Abi se verf bederf was ook daar.


Ina Peach bak pannekoek.



Maria Pereira maak die kinders bewus van noodhulp

## 'n VellieVoeteFees ten bate van gestremdes

Die Forum vir Gestremdes druk sommer gou hulle stempel op die gemeenskap af deur 'n eerste Vellievoetefees op 3 Mei aan te bied.




Die doel van die forum is om 'n platform te skep waar die gemeenskap van persone wat met gestremdhede leef en hulle families, sinvol met mekaar kan skakel. "Ons wil mekaar leer ken en oor ons unieke behoeftes en uitdagings gesels om saam aan oplossings te werk," vertel Renska Deetlefs, voorsitter van die forum.

### MEER OOR DIE VELLIEVOETEFEES:

Plakkers word teen Φ10 elk te koop aangebied. Elkeen word versoek om 'n plakker te koop wat op Vrydag, 3 Mei 2024 met die VellieVoeteFees gedra word, wat dan toestemming verskaf aan die persoon om onpaar sokkies (enige soort of kleur) met tekkies, skoene of vellies te dra. Indien kaalvoet verkies word, hul voete sommer te versier met kleurvolle blommetjies, lint of veters.

'n Foto-kompetisie word geloods vir die beste foto wat ingestuur word deur middel van "Whats App" nommer 083 3050 181 (slegs vir Foto-kompetisie) met naam van persoon, of groep en kontaknommer. Deur u foto/s deur te stuur aanvaar ons dat u toestemming gee vir die plasing daarvan op sosiale media. Die wenner sal op 10 Mei aangekondig word. Pryse kan gewen word!

DIE HOOGTEPUNT is 'n Pretstap/-optog wat om 15:00 vanaf die Klein Geluk/CVO skool se sirkel afskop en daar sal tot by die Volkskool gestap word.

Vir enige navrae of verdere inligting kan Renska by 083 557 2236 of vvf@gestremdes-orania.co.za gekontak word.

## Joost draf Vasbyt kaf

Dia van Staden - Redakteur  Fotos - Cherise Barnard

**Bo Karoo Vasbyt: 100 km binne 4 dae met 'n tyd van 7 ure 24 min 53 s**

In 2016 het hy sy eerste Bo-Karoo Vasbyt gedoen. Alhoewel hy nie elke jaar kon deelneem nie mik hy dat hierdie jaar omtrent sy sesde keer was met 'n Ligloop iewers tussenin.

Joost Strydom, die Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging het die Vasbyt ook as 'n goeie voorbereidingsgeleentheid vir Comrades gebruik. "Die kilometers is goud werd, want mens kan nie vir Comrades met daardie kilometers voorberei nie. Jy moet poog om 1000km op jou voete te kry voor Comrades gebeur."

Hy beklemtoon dat Vasbyt uniek is juis omdat mens op moeë bene weer en weer moet hardloop, soos tydens 'n Comrades. Dag drie was nog elke jaar vir hom die moeilikste en vanjaar was geen uitsondering nie. Dag een is mens vars al is hy die verste, dag twee is kort en vinnig.

"Ek het vanjaar 'n persoonlike beste op dag twee gehardloop, en hoë spoed haal baie uit mens uit vir die volgende dag. Dag drie was my bene seer, ek was opgebruik na die eerste twee dae en daar was baie bulte op die roete. Dit was by verre die moeilikste dag en dit is ook die dag wat mens die meeste alleen hardloop," vertel Joost.







Hester van Zyl tydens die Ligtrap

Dit sit nie in elke persoon se bene om soortgelyke marathons aan te pak nie, daarom het Joost hierdie wysheid waaraan hy vashou: "Aristoteles of Durant of een of ander filosoof het gesê; "ons is wat ons herhaaldelik doen, uitnemendheid is dus nie 'n aksie nie, maar 'n gewoonte". As mens wil goed wees in iets, moet mens op die slegte, besige, moeilike, swak dae rede soek om dit te doen, eerder as om rede te soek om verskonings te maak."

Hy wil elke Oraniër aanmoedig om ten minste 5 keer per week te oefen. Of dit nou 'n stappie of tien minute se oefening is, dit alles tel bymekaar aan die einde van die jaar. Hy beveel aan dat dit 'n gewoonte is, want dan word dit maklik(er).

Hy vertel opgewonde dat hy van ten minste drie gesinne weet wat Orania deur Vasbyt ontmoet het, en nou verblyfreg het of reeds hier woon. Hy sien die Vasbyt as 'n toerismegeleentheid waartydens elke Oraniër as ambassadeur moet optree. "Oraniërs moet elke so geleentheid sien as 'n kans om mense vir ons saak te werf."

Hy was trots om deel te wees van die projek wat hoofsaaklik deur Marieta Combrinck, Yolandi Swanepoel en hulle span aangebied is. Hy deel dat dit 'n goeie geleentheid is waar hulle voortbou op wat dr Danie Brink in 2016 begin het.

### HOOGTEPUNTE VIR JOOST:

Vasbyt, soos enige uithousport, gaan oor mense wat gemeenskap in gedeelde swaarkry vind. Om ander atlete aan te moedig om hulle beste te gee, om te sien hoe mense se koppe hulle lywe oorwin, om te sien hoe mense met pyn aanhou probeer en om te sien hoe Orania se jongspan (Henry Roets,

Dawid Roets, die Murphy's en Enrico Swanepoel) reeds die moed het om hierdie afstande aan te pak is vir my 'n absolute riem onder die hart. Daarmee saam die gereelde deelnemers wat jaarliks terugkom, lekker atmosfeer, die sosiaal en tradisies, die wegspring met sweepslag ensovoort, is alles vir my belangrik.

Die lekkerste is 'n goeie wedloop op eie bodem! Mens kan deelneem en steeds om 10h30 weer by die werk wees, so eie aan Orania!

# Bokkietoernooi vir jong bokke en jong blare

Dia van Staden - Redakteur







Die jaarlikse o/23 Bokkietoernooi sluit netbal, woemahokkie en rugby in en sorg vir 'n lieflike inspuiting in die Orania ekonomie. Vanjaar was daar baie sport, pret en kuier in drie dae vanaf 21 tot 23 Maart saamgeflans.

Die 250 spelers, 63 afrigters en 1 300 ondersteuners het van oraloor na Orania gereis vir vir 'n naweek van jeugdige kompetisie, sport- en kultuurvieringe.

**Die uniewenners van die toernooi is die Saterdagaand aangewys:**

**Wenners Netbal: Noord-Transvaal Noord**

**Naaswenners Netbal: Vrystaat**

**Wenners Rugby: Orania**

**Naaswenners Rugby: Noord-Transvaal Noord**

**Wenners Woemahokkie: Vaaldriehoek**

**Naaswenners Woemahokkie: Noord-Transvaal Noord**



**BOKKIEWEEK:**
**AFRIKANERSPORT VIR AFRIKANERKINDERS.**
**WAAR SPORTSTERRE NOG 'N REGVERDIGE KANS KRY!**



Noord-Tvl Noord se MC Malan is as rugbyspeler van die toernooi aangewys en Vera de Beer van dieselfde unie het met die titel van netbalspeelster van die toernooi weggestap. Ioné Blignaut van die Vaaldriehoek is as woemahokkiespeelster van die toernooi aangewys. Dit is die eerste keer dat woemahokkie by dié toernooi ingesluit is. Griekwas het vanjaar die Geesbeker verower!

Soos Pieter Krige in sy sosiale media kommentaar sê: "As daar een ding is wat vir my uitgestaan het tydens hierdie jaar se Bokkieweek op Orania is dit die hoop en volkstrots van die meer as 400 Afrikaner jongmense wat hier kom deelneem het. Die ganse toernooi was in goeie gees, gedissiplineerd gewees, en die sport was voortreflik; maar vir my was die kloppende Afrikanerhart die hoogtepunt."

Die volgende hoogtepunt op die AVS-kalender is Bokkieweek 2024 wat vanaf 24 tot 28 Junie 2024 in Kroonstad sal plaasvind. Seuns en meisies vanaf o/13 tot o/19 sal met netbal, hokkie en rugby op provinsiale vlak mekaar die stryd aansê.

Die vele sporthoogtepunte word in die fotobeeld uitgelig

Fotos - Dia van Staden













OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA Sport

April, 2024 Volume 01 | Uitgawe Nr. 05

Afsaal eiendomme
eerste op die voorgrond
ORANIA VRYHEID
Kontak ons vandag
053 207 0040 eiendom@afsaal-op-orania.co.za
079 192 4337 h/v Pêrellaan & Saffierstraat, Orania



# Twee ysters voltooi die Twee Oseane ultra marathon

Joost Strydom en Christo Muller is twee dapper drawwers en het onlangs die Twee Oseane ultra marathon saam met nagenoeg 11 000 ander atlete suksesvol voltooi.

Christo vertel dat dit sy 23ste Twee Oseane was en na 'n besering was hy vir 4 maande van die pad af en kon eers 1 Maart weer begin oefen. Daar is van blok A tot N weggespring en elkeen se kwalifiserende tyd het bepaal hoe laat jy kon wegspring. Blok A het om 05:15 weggespring en daarna het elke blok met 2 minuut intervalle gevolg.

"Ek het met n stewige pas begin en my gemiddeld per kilometer op 38km was 5min en 3 sekondes toe ek Houtbaai binnedraf. Hy beskryf dat die wind by Vishoek redelik sterk van voor was, maar daarna het die wind gelukkig gedraai sodat hulle die wind van agter kon kry. Na 38km het Christo geweldige pyn in sy bene begin ervaar en moes hy sy pas drasties stadiger maak.

Joost het sy eerste Twee Oseane as 'n uitstekende Comrades voorbereiding beleef omdat dit 'n ultra maraton is met baie berugte bulte. Aangesien die Comrades vanjaar opdraende is het dit baie gehelp om hierdie ikoniese marathon te doen.

"Ek't die marathon beslis onderskat en op 'n stadium gewonder hoe mens daai afstand doen en dan nog 30km moet gaan tydens 'n Comrades," erken hy.

Hy besef dat dit nou tyd is om te piek voor Comrades. Dit sluit meer as 100km per week se hardloop in, en in die laaste maand word dit drasties minder gemaak gedurende "taper" fase wat mens al hoe minder en uiteindelik niks doen.

Die laaste groot wedloop is die N12 Ultra marathon wat 53km strek van Potchefstroom na Klerksdorp.

"Ek is tevrede met my tyd. Ek wou onder 5 ure doen en het bitter hard geveg daarvoor. My tyd was 4.55.26 en ek is dankbaar daarvoor. My fiksheid is beslis nie waar dit moet wees nie, want mens kort meer tyd op die voete. Soms is dit moeilik met 'n Orania skedule," sê Joost.

Christo het die marathon in 5.25 voltooi en sien daarna uit om volgende jaar terug te wees vir nommer 24!

Hulle vertel albei dat die marathon baie goed georganiseer was en dat die skare se aanmoediging 'n atleet deur die moeilikste dele dra.

# Orania se Sandhaai verbeter persoonlike beste



Helena Erasmus en haar swemstudent, Stefan Erasmus.

Fotos - Verskaf

Stefan Erasmus het gedurende Maart aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Swemkampioenskap (SANJS) deelgeneem en sy persoonlike beste tye verbeter.

Stefan het twee finale gehaal en onderskeidelik 'n 8ste en 9de plek in die 100m en 50m borsslag, sy gunsteling slag, behaal. Sy swemtye het tydens die byeenkoms so verbeter:

50m borsslag (1.76s), 100m borsslag (4.22s), 100m vryslag (6.53s), 50m vlinderslag (8.41s) en 200m borsslag (11.15s).

Hy verduidelik dat die tegniese uitdagings van borsslag hom dwing om gedurig te verbeter. Adam Peaty, 'n Engelse borsslagswemmer is op sy lys van rolmodelle aangesien Adam gesien word as die beste swemmer van sy era. Stefan se eertydse swemafrigter het aangedui dat hy 'n natuurlike aanleg vir die sport toon.

Stefan beskryf sy roetine en die aanloop totdat sy hande die water tref. "Jy warm saam met die ander swemmers op tot jy uitgeroep word vir jou item. Dit is nie 'n lang wag nie, maar jy gaan vele kere na of jou kappie, bril en swembroek reg getrek is vir die stryd. As ek op die blok klim voel dit of almal net vir my kyk en my brein skakel alles uit. Ek probeer dink aan wat my afrigter gesê het, maar die natuur en wat jy geleer en geoefen het skop outomaties in," vertel hy.

Hy wil graag werk om volgende jaar 'n plek op die podium te kry, want dit lei tot moontlike internasionale en ander nasionale deelname.

Alhoewel swem vir Stefan 'n prioriteit is geniet hy sy tennislesse, fietsry en rugby. Hy het juis aan die Bo-Karoo Vasbyt se Ligtrapuitdaging deelgeneem, maar meen dat die rugby hom met sy fiksheid help. 'n Biokinetikus het onlangs deel geword van sy roetine sodat die regte swemspiere verder ontwikkel kan word.

Die Sandhaaie se afrigter, Helena Erasmus, is tans besig om die Vlak 1 afrigtingskursus te voltooi en met die vooruitsigte van 'n verhitte swembad by die CVO-skool sal daar geleenthede wees om regdeur die jaar te oefen. Daar is reeds 'n terrein beskikbaar gemaak en die fondse hiervoor moet nou verkry word.

Wanneer 'n swemmer kompeterend wil deelneem doen Helena 'n evaluasie van tegniese vaardighede en kyk na die regstel van styl en fiksheid. Swem is eintlik 'n baie tegniese sport met heelwat reëls wat vir elke styl, draai en duikaksie nagekom moet word.


"Dit is belangrik dat kinders hulle eie liggame leer ken wat mettertyd by die fiksheidsvlak wat die sport vereis, aanpas. Die alleentyd wat swem skep is goed vir enige mens, ook kinders, se psige," vertel afrigter Helena.

Helena was nooit self lief vir swem nie, maar deelname aan die Midmar-myl het haar geleer dat daar maniere is om die gevoel van verdrinking te oorwin. Dit het vinnig vir Helena duidelik geword dat sy die rol van ma en afrigter duidelik sal moet skei om haar seun suksesvol af te rig. "Ek probeer om nie te skree terwyl hy swem nie, want hy hoor tog nie. Ek leer konstant meer van afrigting soos wat ek dit prakties toepas," noem sy.

Oor 'n swemmer se voorbereiding vir 'n kompetisie verduidelik Helena die proses van periodisering. 'n Swemmer begin om kapasiteit te ontwikkel, daar word aan fiksheid gewerk, kragoefening gedoen, asook spoed en tegniekafronding gebeur. Sy vertel dat swemmers teen die piek van 'n seisoen ongeveer 4km per sessie swem.

Ter voorbereiding van 'n spesifieke kompetisie begin die volume afneem, intensiteit verhoog en die swemstyl geniet primêre aandag. Die wegspring en draai word baie herhaal om die byna outomatiese aksie te beïnvloed.

Besoek die Orania Sandhaaie Swemklub se FaceBook-blad vir meer besonderhede.



Die Kings Park Swembad in Durban waar die Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Swemkampioenskap in Maart plaasgevind het.

# Skaaktoernooi tydens aandmarkte

Die junior en senior skaakspelers kry deesdae gereeld die geleentheid om teen mekaar kragte te meet.

Die wenners van die onlangse skaaktoernooi is aangewys. Maritz Murphy het as die wenner in die junior afdeling geëindig. Saul Murphy was tweede en Connor Geddes was derde.

Ruben Meiri het as die senior kampioen geseëvier. Elke wenner het 'n geskenkbewys en 'n kontantprys gewen.

Tydens die volgende aandmark by die Kuierstoep op 3 Mei sal daar weer 'n skaaktoernooi aangebied word. Mag die beste skuif 'n opponent uitoorlê!





Ruben Meiri, die senior skaakkampioen oefen teen Danie Jacobs wat die jongspan touwys maak in die sport.



Hier is 'n hele rits skaakspelers voor die Orania biblioteek besig om hulle beste skuiwe te maak.

ELEKSA Pendeldiens

Eleksa Orania Pendeldiens
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

Tot en met 20 April is alle ritte gratis.

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ꞷ10.00 | Dagkaartjie Ꞷ30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ꞷ120.00
26 dae (maandkaartjie) Ꞷ400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575